Verdien punte op alle produkte




# XD Kruger

Christiana

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**

**Vir professionele advies kontak gerus vir XD**
**Tel: 082 894 8440    E-pos: xd@laeveld.co.za**

XD Kruger is in 1986 in Ventersdorp gebore, waar hy ook in die laerskool was. Vandaar is hy na die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom, waar hy sy skoolloopbaan voltooi het.

Hy het ’n diploma in landbou by die Landboukollege in Potchefstroom voltooi. Hy het die praktiese jaar van sy studies by ’n groentemaatskappy gedoen, waar hy daarna vir nog drie jaar aangebly het en betrokke was by die verbouing van aartappels en wortels. Hy het in dié tydperk ook sy AVCASA-kursus (CropLife) voltooi. Daarna het hy op die chemiese deel van landbou begin fokus, waar hy homself steeds bevind.

Die Here het hom en sy vrou met twee gesonde dogtertjies geseën. Hy is passievol oor kwaliteit tyd saam met sy gesin en vriende, en gooi graag ’n vleisie oor die kole. Wanneer die geleentheid opduik, is hy in die jagveld. Hy neem graag aan skietkompetisies deel en geniet ’n rustige 18 putjies op die gholfbaan.

XD het homself in Christiana gevestig. Die belangrike gewasse in dié omgewing is aartappels, uie, mielies, koring, soja en pekanneute. Sy visie is om eendag as ’n kenner gesien te word in die veld waarin hy werk.

*XD sien homself as deel van die boerdery by elke kliënt waar hy betrokke is, en voel ’n persoonlike verantwoordelikheid om die beste moontlike oes te behaal. Hy glo dat hierdie vooruitsigte met die goeie produkreeks en kenners in Laeveld Agrochem se stal verwesenlik kan word.*

GEWASSE: Aartappels, Uie, Mielies, Koring, Soja en Pekanneute
AANBIEDING: Oesbeskerming, Plantvoeding, Presisie dienste